# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/16)

*Justin Chadwick 20 Mei 2016*

***"The best way to make your dreams come true is to wake up" P Valery***


**2016 SITRUS STATISTIEKE BOEK**


John Edmonds (CGA Inligtingsbestuurder) het die finale die afrondingswerk aan die 2016 Sitrus Statistiek gemaak wat nou by drukkers is. Die boek sal aan alle CGA lede (sitrusprodusente in Suid-Afrika, Zimbabwe en Swaziland) en aan die FPEF versprei word. Indien jy/u 'n harde kopie teen R55 (BTW en posgeld ingesluit) verlang, kontak Gloria@cga.co.za. Elektroniese kopieë is ook gratis beskikbaar.

Om jul belangstelling te prikkel, kyk na die grafieke hieronder wat die ouderdom van bome pomelo's en suurlemoene (van die nuutste boom sensus) wys. Die uitstekende opbrengste van suurlemoenuitvoere het verhoogde aanplantings van suurlemoene tot gevolg gehad - met baie bome nou minder as vyf jaar oud. Dit dui op verhoogde suurlemoenuitvoervolumes in die toekoms. Aan die ander kant, is nie veel pomelo's in die afgelope vier jaar aangeplant nie. Pomelo invoerders moet verseker dat hul goeie verhoudings met hul verskaffers ontwikkel sodat hul nie onverhoeds betrap word wanneer uitvoervolumes begin daal nie.

## 2016 SITRUS STATISTIEKE BOEK




## IN WATTER WEEK IS ONS?

Sedert ek by die vrugtebedryf aangesluit het, het ek geleer om eerder met die weeknommer as met die datum te werk – die vrugtebedryf is lief om te verwys na wat in week so en so gebeur het. En dan is dit 2016 – omdat 1 Januarie 2016 op 'n Vrydag was gebruik die meeste dagboeke dit as week 1 van 2016; MAAR die meeste vrugtebedryf kalenders verwys na dit as week 53 van 2015 - en het eers met week 1 op Maandag 4 Januarie begin. So volgens my dagboek is ons nou in week 21; terwyl ons volgens AgriHUB en PPECB in week 20 is. Om verwarring te voorkom bevat die tabel hieronder nou die datum eerder as die week nommer.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Nawel Fokusgroep het hierdie week vergader en hul voorspelling met 100 000 kartonne verminder. Die Sagte Sitrus Fokusgroep het gister vergader en net mooi die teenoorgestelde gedoen – hul het die voorspelling met 100 000 kartonne opwaarts aangepas.

Satsumas is basies oor en verby - met 1 853 490 kartonne gepak, effens meer as die 1 804 607 skatting. Sagte sitrus se fokus verskuif nou na clementines met omtrent helfte van die 2.7 miljoen kartonne wat reeds gepak is.

| Tot week einde 13/5/16 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2014** | **2015** | **2016** | **2015** | **2016** | **2016** | **2016** | **2015** |
| Pomelo's | 5.4 m | 4.9 m | 2.8 m | 3.7 m | 2.4 m | 12.4 m | **12.3 m** | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 2.4 m | 2.6 m | 3.5 m | 2.5 m | 3.1 m | 11.2 m | **11.3 m** | 10 m |
| Suurlemoene | 3.5 m | 4.3 m | 5.3 m | 4 m | 4.9 m | 16.1 m | 16.1 m | 15.1 m |
| Nawels | 0.9 m | 1.2 m | 2.3 m | 0.9 m | 2.3 m | 25.1 m | **25 m** | 24.5 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.1 m | - | - | - | 46.4 m | 46.4 m | 52.7 m |
| Totaal | 12.3 m | 13.1 m | 13.9 m | 11.1 m | 12.7 m | 111.2 m | 111.1 m | 118.3 m |